Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Lees: Handelinge 3:1-4:12

Teks: Handelinge 4:9-12

H.K.: Sondag 11

Datum: 16 Oktober 2012

Ps's: Ps.118:1,2; 118:5,6; 118:11,12; 54:1; 54:2,3

1. Inleiding.

Die Seun van God word ***Jesus*** genoem. Dit beteken ***Saligmaker***. Want Hy – en Hy alleen -, Hy maak ons ***salig***.

Salig - die woordjie beteken eintlik **vol**. Geluk-salig beteken dus **vol** geluk en arm-salig **vol** armoede en ramp-salig weer **vol** van rampe.

Toe Nederland in die Middeleeue in groot dele deur die pes getref is, is die pes genoem salig-heyt. Heel letterlik het dit beteken: vol van ellende.

Later het die woord saligheid die betekenis gekry van die volheid van die verlossing, die volheid van geluk in God se heerlike nabyheid, onder sy seënende hand.

Ek wil vandag aan die hand van drie gedagtes met u stilstaan:

1. Ons rampsaligheid;
2. Jesus maak ons salig
3. Jesus alleen maak ons salig

2.1. Ons is ramp-salig

Jesus het gekom om ***ons*** salig te maak. Dit sê al: Ons was nie salig was nie. Inteendeel, ons was juis ramp-salig, vol rampe.

En die Kategismus laat ons in alle duidelikheid die oorsaak van ons rampsaligheid sien: ***ons sondes*** – Jesus maak ons salig van ***ons sondes***. Daarby moet ons twee dinge opmerk:

1. Daar staan ***ons*** sondes. Jesus gaan staan voor ons en in die Bybel wys Hy met die vinger na elkeen van ons en Hy sê vir ons: jy! Jy is die man! ***Ons***, my - solank ons

dit nog nie kan sê of wil sê nie, solank ons nog nie sê <u>ons</u> sondes, <u>my</u> sondes nie, solank kan ons ook nie sê: Jesus het gekom om my salig maak, om my te red van my sondes nie. Immers "die Seun van die mens het gekom om te red ***wat verlore is***" (Mat 18:11). Hy "het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering" (Lk 5:32). Hy het nie gekom om mense te red, wat dink dat hulle sonder sondes is nie, maar hy het mense kom red wat deur Hom weet dat hulle sondes het, dat hulle ramp-salig is. Dit is die eerste.

2. Tweedens moet u sien dat dit in die meervoud staan: sond-***es*****.** Ons sondes is <u>menigvuldig</u>, ontelbaar. Ons is vol daarvan, tot oorlopens toe. En dit sien ons eers as Jesus ons Saligmaker ons ons on-saligheid laat sien in die helder lig van sy heilige wet.

Om die erns van ons sondes te sien, moet ons ***ons sondes*** ook sien na sy verskillende kante:

1. <u>Eerstens</u> is daar die **skuld** van ons sondes. Ons is vol skuld by God. En ons verdien die volheid van die oordeel – dwarsdeur die tyd en tot in die ewigheid. **<u>Dít</u>** <u>... is ramp-salig</u>.

2. <u>Tweedens</u> is daar die **mag** van ons sondes. Ons is vol sondes. Geheel en al. So vol dat ons niks anders kan doen as net sonde op sonde nie. En ... ons sondes vervreem ons van God. En ... ons sondes verwoes ook ons menseverhoudings. Ons sondes – nie net die ander s'n nie, nie net die wêreld s'n nie – ons sondes, dit is die verklaring hoekom die wêreld lyk soos wat dit lyk: 'n puinhoop van haat, oorlog, egskeidings en ek weet nie wat nog alles nie. **<u>Dít</u>** <u>... is ramp-salig</u>: om vervreemd te wees van God, om vyandig te wees teenoor mekaar.

3. En <u>derdens</u> noem ek die **gevolg** van ons sondes: siekte, gebreke en dood. **<u>Ook dít</u>** <u>... is deel van ons ramp-saligheid</u>.

En nou bely ons:

<u>2.2. Jesus maak ons salig</u>

In ons voorgelese gedeelte ontmoet ons ’n rampsalige: ‘n kreupel man wat lê en bedel by tempel. Hier is een van die baie, wat ly onder een van gevolge van die sonde – siekte. Nee, hy is nie maar net een van die baie nie, maar hy is een van ons almal. Want almal van ons is sterwendes, want hierdie lewe is niks anders as ’n gelydelike dood nie – sê ons Doopsformulier.

Maar hy kreupele is nie die enigste waarvan ons hoor in Handelinge 3 nie: Nee, want na hierdie on-salige mens, kom die God van volle saligheid, Jesus Christus, ons Saligmaker. Immers, die boek Handelinge is ten diepste nie die handelinge van die apostels nie. Wie die boek Handelinge werklik leer verstaan het, weet: In Handelinge gaan dit om die handelinge van die verhoogde Jesus.

Petrus word nie moeg daarvoor om weg te wys van homself en te benadruk: Jesus handel hier nie. Petrus begin al daarmee wanneer hy vir die kreupele sê: “***In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner***, staan op en loop!” (Hand 3:6). En so belangrik is dit vir die apostels dat die mense dít moet weet, dat hulle dit weer en weer herhaal: “… deur die geloof in ***sy Naam*** het ***sy Naam*** hierdie man … hierdie volkome gesondheid gegee …” (Hand 3:16). En: “laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die Naam van Jesus … dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan.” (Hand 4:12).

“In die Naam van Jesus Christus staan op …” ***In die Naam van*** – dit beteken baie meer as maar net: op gesag van. ” ***In die Naam van*** – dit beteken: Hier kom sy Naam in aksie, die Naam Jesus, die Naam Verlosser, Saligmaker. Die groot Handelende in Handelinge handel hier, ons Saligmaker. In Handelinge is Jesus ook besig om al handelende sy Naam toe te pas. Ons sien sy Naam gestalte kry, bene kry, gesonde, salige bene in hierdie man met gebrekkige bene. Daarin openbaar Jesus sy Jesus-Naam.

En dit doen Hy - óók om ons ontwil. Ook vir ons in ons sondes en ons siektse en ons dood. Sodat ons sal sien dat Hy die Verlosser is.

Nee, hierdie wonder leer ons nie dat in hierdie bedeling alle siekes genees word nie. Ek wil die betekenis van hierdie genesingswonder en ook ander opwekkings- en genesingswonders so aan u verklaar:

In hierdie wonder sien ons die voorpunt van die nuwe dag, die dag van herstel van alle dinge deurbreek. Hierdie wonder is as ’t ware ’n boodskapper van die nuwe aarde onder die nuwe hemel. Hierdie wonder is ’n eilandjie van die nuwe wêreld midde-in die see van ons ou, gebroke, stukkende wêreld. En hierdie eilandjie, hierdie genesingswonder, is ter selfder tyd ook ’n waarborg: Op God se tyd sal alles nuutgemaak word. Die wonder is ’n versekering. Dit gee ons troos: Kyk, sien hier begin dit al deurbreek. Dit is tot ons vertroosting opgeskryf, sodat ons deur die bemoediging van die Skrif hoop kan hê.

Maar - daar was nog meer rampsalige mense op daardie dag van Handelinge 3 en 4 as maar net die rampsalige kreupele. Almal wat nie in Jesus geglo het nie, was rampsalig – die Jode en hulle leiers. Ook tot hulle, om hulle ontwil – én om ons ontwil - het hierdie wonder gebeur. Want Petrus sê dit uitdruklik in Handelinge 3:16: Hierdie Naam het hierdie man volkome gesondheid gegee ***in die teenwoordigheid van julle almal***. In die teenwoordigeid van julle almal! En dan maak Petrus sy toepassing vir hulle en ook vir ons almal: “***En nou*** …”. (Hand 3:17). En nou – op grond hiervan, omdat julle dit dan nou gesien het, omdat julle die krag van hierdie Naam kon aanskou -, en nou “kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan”.

En in hierdie laaste woorde – ***sodat julle sondes uitgewis kan word*** -, daarin laat Petrus ons ook dadelik sien: Die Jesus-Naam beteken veel meer as net verlossing van siekte. Die saligheid gaan wyer: Deur hierdie Naam word ook ons sondes uitgewis. En hierdie Naam

2.3. Jesus alleen maak ons salig

In Handelinge 4 staan die apostels voor die regbank van die Joodse Raad.

Maar – hoe ironies tog -, maar intussen staan die regbank van die Jode self ... voor die Regbank van die God van hemel en aarde, voor Jesus. En Jesus self, die Regter, die groot Handelende in Handelinge, getuig teen hulle deur sy getuies, deur Petrus en Johannes.

Want in die apostels se getuienis word die Jode se handelinge teenoor God se handeling gestel:

- ***Julle het Jesus gekruis***. Daarmee sê die Jode van Hom: skuldig!
- ***Maar God*** – maar God het Hom ***opgewek***. En daarmee sê God: onskuldig!

God Self getuig teen hulle.

En Petrus gaan verder: Die Skrif getuig teen hulle die Skrifwoord van Psalm 118:22: "Hy (hierdie Jesus) is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het." Die Jode het Jesus verwerp, maar daarmee het hulle hierdie Skrif vervul: Hulle het die allesbepalende, alleenbepalende Hoeksteen verwerp.

Maar dan weer: Hulle het, maar God! Julle het Hom verwerp as onnodig. Maar God het bepaal dat Hy die Hoeksteen van ons saligheid is.

Hy alleen red. Net God.

Daar is so baie in die voorafgaande wonder en in die redevoering van Petrus, in die Psalms en in Psalm 118 wat die Jode ernstig moes aanspreek. Uitdruklik getuig Petrus: "... die ***saligheid*** is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie." (Hand 4:12)

Ek bepaal in die besonder u aandag by die uitdrukkings ***deur die Naam*** en ***Saligmaker***.

Die Jode kon presies, presies geweet het: Hier word van God gepraat. Van God en van sy handelinge. Uit hulle eie Skrifte kon hulle, moes hulle dit geweet het.

In die Grieks staan vir die woord ***Saligmaker*** die woord ***Soter*** of ***Verlosser***. In die Psalms word dit net van God gesê. Net Hy verlos. Daarom bid die digter van Psalm 118: Hosanna! HERE, gee tog verlossing (v 22). Die Skrifte leer ons so duidelik as wat maar kan kom: "Die heil behoort aan die HERE" (Ps 3:8). Dit kom net van Hom af.

> ***Die oorlogsperd kan nie behou nie,***
> ***hoe hy ook aanstorm met geweld; …***
> ***Maar die HEER se oë / straal met mededoë***
> ***op wie, klein van krag,***
> ***voor Hom stilverslae / in hul donker dae***
> ***op sy goedheid wag.***
> En:
> ***Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte***
> ***en red hul siele van die dood.*** (Ps 33:9,110)

Ook die uitdrukking ***deur die Naam*** moes ook ir die Jode bekend gewees het. In Psalm 54:3 lees ons immers: "o God, verlos my deur u Naam". En in die tweede helfte van daardie vers word ook nog gesê wat die Naam beteken: toon u mag. Dit wil sê: In die in

die magsopenbaring van God, in sy verlossingswerk sien ons sy Naam. En om maar weer terug te kom by Psalm 118: Ook daar kry ons die uitdrukking ***deur u Naam***: Dit is deur die Naam van die HERE dat hy sy vyande stukkend gekap het (vv 10-12). Dit is net deur die Naam van die HERE dat die Psalmdigter kon oorwin.

Net deur die Naam. Die saligheid is net deur die Naam. Deur God alleen.

En voor die Joodse Raad pas Petrus dit alles (wat in die OT van God gesê word) toe op Jesus: "En die saligheid (die verlossing) is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Hand 4:12)

Petrus getuig dit. En die Jode kon dit sien, hulle het die Naam gesien, gesien in die genesingswonder van Jesus deur sy gesante. Hulle het die Naam aan die werk gesien tot getuienis vir en tot getuienis teen hulle.

En dan sê Petrus: Daar is geen ander Naam waardeur ons gered ***moet*** word nie. Moet - die woordjie ***moet*** is van besondere belang. Daar is geen ander naam waardeur ons gered ***moet*** word nie. Die ***moet*** word gebruik van God se raadsplan, sy ewige besluit: So moet dit, so en op geen ander manier nie: deur hierdie Jesus-Naam alleen. So het God self dit bepaal.

Ons dink maklik dat dit maar net Jode en Rooms-Katolieke is wat nie leef uit die saligheid van Christus nie. Maar dit is eie aan elke mens sedert die sondeval: ons wil soos God wees, ons wil verlos. Ons wil ons huwelik, ons gesin, ons skool, ons samelewing, ons kerk red. Sonder Jesus en sy saligmakende Woord. Deur ons naam!

Maar, sê Kohlbrugge, "bind u naam, u bekering, u vroomheid en u heiligheid, in kort alles, bymekaar in 'n bondeltjie en gooi dit daar waar dit hoort: aan die voete van die duiwel. En so arm en naak soos Adam in die paradys, luister na die evangelie van God, wat verkondig wat Eén (Christus) gedoen het vir almal, vir u, hoe Hy die slang se kop vermorsel het".

3. Slot.

Jesus, dit is Salig-maker, Vol-maker. Deur Hom word ons lewe weer vol. Eers was dit leeg, sonder God, vol sondes, vol oordeel, rampsalig. Deur Jesus word ons lewe weer vol: vol met God, vol van sy heerlike nabyheid, vol van sy sorg, van sy liefde. AMEN